



Verwysing: 20200915-8078
Lêerno.: 3/3/3/1/1
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese-mensbestuursminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Gestroomlynde implementering van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel vir skoolgebaseerde opvoeders vir die assesseringsiklus van 2020

1. As gevolg van die Covid-19-omstandighede en ingefaseerde terugkeer van leerders na skole, word u hiermee in kennis gestel dat 'n gestroomlynde benadering op 03 September 2020 tydens 'n vergadering van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys vir die implementering van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS) aanvaar is.
2. Die gestroomlynde implementering vir skoolgebaseerde opvoeders word volgens die onderstaande riglyne bepaal:
 - 2.1 Die jaarlikse assesseringsiklus vir 2020 word beperk tot selfbeoordeling deur die opvoeder en prinsipaal waarna dit aan die ontwikkelingsondersteuningsgroep en kringbestuurder vir verifikasie voorgelê sal word.
 - 2.2 Die beoordeling van opvoeders sal hoofsaaklik gebaseer wees op aktiwiteite van kwartaal 1, 13 Januarie tot 18 Maart 2020, asook aktiwiteite wat ná die heropening van skole onderneem is.
 - 2.3 Die prinsipaal en personeelontwikkelingspan moet die kumulatiewe tellings bevestig voor dit by die distrikskantoor ingedien word.
 - 2.4 Die sperdatum vir alle GGBS-dokumentasie wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement vereis word, is tot 11 Desember 2020 uitgestel. **Skole word vriendelik versoek om by die indieningsdatums, wat deur distrikskantore verskaf is, te hou sodat alle administratiewe en bestuursvereistes afgehandel is voordat skole vir die jaar sluit.**

3. Die bogenoemde riglyne is ook van toepassing op opvoeders met komorbiditeite, wat toestemming gekry het om tuis of vanuit 'n lokaal wat nie naby die klaskamers is nie, te werk.
4. Die gestroomlynde beoordelingsproses vir 2020 moet deur deursigtigheid gelei word terwyl die konteks van die algemene onderrig- en leeromgewing van die skool in ag geneem word.
5. Om verwysing te vergemaklik is die brief van die Departement van Basiese Onderwys van 11 September 2020, hierby aangeheg.
6. Vir meer inligting oor die bogenoemde, is u welkom om die distrik se prestasiebeoordelingskoördineerders, hieronder gelys, te kontak:

Metro-Sentraal	Me. Lesley Hutchings	Lesley.Hutchings@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Mnr. Craig Paulsen	Craig.Paulsen@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr. Owen Weeder	Owen.Weeder@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Me. Sharon Lewin	Sharon.Lewin@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr. Bertram Jacobs	Bertram.Jacobs@westerncape.gov.za
Weskus	Me. Janine Adonis	Janine.Adonis@westerncape.gov.za
Eden & Sentrale Karoo	Me. Yolande Damons	Yolande.Damons@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr. Edward Kies	Edward.Kies@westerncape.gov.za

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2020-09-23